

Vrydag 27 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 8:1-11

Fokusgedeelte: Johannes 8:7;  
Heidelbergse Kategismus 43:112

## Jesus is ons voorspraak by ons Vader

Dit is soms makliker om iemand sleg te sê of om oor iemand te praat, as wat dit is om aan iemand genade te bewys. Tog is God se genade só groot in Jesus Christus dat wanneer Hy na ons kyk, Hy ons sondes toereken asof ons dit nooit gepleeg het nie.

Die Skrifgeleerdes en Fariseërs het 'n vrou wat in die daad van egbreuk betrap is, na Jesus gebring sodat hulle iets kan kry om Hom te kan aankla. Hulle gebruik dan die wet van Moses om te kyk wat Jesus se reaksie is. Hulle, as geestelike leiers, moes eintlik hierdie vrou tot bekering geroep het en God se genade aan haar verkondig en bewys het. Hulle was egter só blind vir hulle eie sonde en verblind deur hulle eie agenda dat hulle haar eerder verneder het.

Wanneer Jesus sê: *Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi* (:7), word hulle gewete bestraf en hulle gaan een vir een weg. Jesus konfronteer hulle met die waarheid. Hy bewys genade aan hierdie vrou en roep haar tot bekering.

Ons elkeen moet eintlik aangekla word voor God oor ons sonde en ons verdien die ewige dood, maar Jesus Christus is ons voorspraak by ons Vader. Hy het vir ons sonde betaal aan die kruis.

God se genade in Jesus Christus moet ons motiveer om aan mekaar genade te bewys eerder as om mekaar te help veroordeel. Dit moet ons motiveer om mekaar se eer en goeie naam te verdedig en te bevorder. Bid elke dag dat die Heilige Gees jou hart sal ver-ander, sodat jy God se genade aan ander kan betoon.

*Sing: Psalm 119-1:59*

*Ds. DFC (Dirk) Kruger (Zeerust)*